# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**OCTOBER / NOVEMBER**
***OKTOBER / NOVEMBER***

**2004**

# AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL

**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

SG **102-2/2**

**19 bladsye**

AFRIKAANS TWEEDE TAAL SG: Vraestel 2

102 2 2 SG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord **ENIGE TWEE AFDELINGS.**

## AFDELING A

***Kringe in 'n Bos* (Dalene Matthee)** **Bladsy**
Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
**Vraag 1** 3 – 8

## AFDELING B

**Poësie**
Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
**Vraag 2** **Die dans van die reën** 9
**Vraag 3** **Begrafnis van 'n ouma** 11
**Vraag 4** **Voël** 12

## AFDELING C

***Kinders van die aarde* (Charles Fryer)**
Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
**Vraag 5 – 6** 13 – 16

## AFDELING D

***Gooi hom in die sloot* (Roelf van Rensburg)**
Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
**Vraag 7** 17

---

## AFDELING A

### NOVELLE: *KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee

### VRAAG 1

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n nuwe bladsy.

### DIE KALANDER

> "Miskien wil die kalander maar net nie doodraak nie, Pa."
> Agterna kon hy self nie dink wat hom bevlieg het om dit te sê nie.
> "Hoe sê jy daar?"
> "Oom Anneries sê hy is by die duisend jaar oud. Miskien wil hy maar net nie doodraak nie."
> "Van wanneer af leef hy?"

**VRAE:**

- Gee SLEGS die ANTWOORDE.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

1.1 Saul glo die kalander leef omdat die boom ....

A. sy takke beweeg.
B. gegroei het.
C. sy blare laat val.
D. sy wortels voel. (1)

1.2 Joram Barnard dwing Saul om ....

A. die kalander alleen te saag.
B. toe te kyk as die kalander val.
C. die boom te kap.
D. net te kyk na die boom. (1)

1.3 Saul weier eers en sy pa ....

A. jaag hom weg.
B. slaan hom met 'n stuk assegaaistomp.
C. besluit om hom skerm toe te stuur.
D. ignoreer hom. (1)

1.4 Later die week bid Saul die aand dat ....

A. hy en Jozef moet vrede maak.
B. die kalander die volgende dag moet val.
C. hy en sy pa vrede moet maak.
D. hy nooit weer 'n boom wil saag nie. (1)

1.5 Die kalander val uiteindelik na .................. dae.

A. agt
B. nege
C. sewe
D. veertien (1)

**[5]**

**EN**

> In die weke daarna het Saul geleer wat is kraansaag trek ...
>
> ♣ ♣ ♣
>
> Die derde Woensdag het oom Anneries gestaak. "Joram, as ek nie nou eers 'n slag dorp toe nie, maak ek dit nie."

1.6 Wat maak oom Anneries uit hout wat hy op die dorp gaan verkoop? (1)

1.7 Hoeveel hiervan gebruik hy om sy aankope te doen? (1)

1.8 Wat koop hy daarmee? (1)

1.9 Saul moet saam met oom Anneries gaan, want ....

A. die suiker, koffie en twak is op.
B. oom Anneries wil nie alleen loop nie.
C. Saul moet hom die pad wys.
D. Saul wil gaan drank koop. (1)

1.10 Joram het gesê Saul en oom Anneries moet op die pad dorp toe by die mense van .......................slaap.

A. Diepwalle
B. Knysna
C. Gouna
D. Meulbos (1)

**[5]**

**EN**

> Al die voetseer, al die lyfseer, alles het skielik tot stilstand gekom; net sy oë het na die wonder wat hy deur die yl Bos uitgestrek sien lê het, bly gryp.

1.11 Toe hy saam met oom Anneries dorp toe is, sien hy vir die eerste keer die ....

A. houtwerf.
B. see.
C. meer.
D. die dorp. (1)

1.12 Toe Saul hierdie wonderlike toneel sien, maak hy **twee** beloftes. Voltooi:

Eendag, eendag sal hy op 'n 1.12.1 _____________ klim en daar waar die Knysna deur die gat skuim, sal hy deurvaar die oop 1.12.2 ______________ in en vry wees soos 'n 1.12.3 _____________ . (3)

1.13 Voltooi:

Eendag sal hy nie meer woon waar dit altyd 1.13.1 ___________ is nie; hy sal soos ander mense in die 1.13.2 _______________ woon. (2)

1.14 Toe hulle in die stofstraat afstap, loop Saul kruppel, want hy ....

A. het in 'n geroeste spyker getrap.
B. voel selfbewus oor sy ou hoed.
C. probeer sy tone binne-in sy stukkende skoene hou.
D. voel skaam oor sy klere. (1)

1.15 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.
Toe Kate by die houtwerf aangestap kom waar Saul met MacDonald praat, is Jane saam met haar. (2)

1.16 Oom Anneries wil nie met MacDonald gaan praat nie, want hy is bang MacDonald sal ....

A. Engels met hom praat.
B. ongeskik teenoor hom wees.
C. hulle albei wegjaag.
D. weier om met hulle te praat. (1)

1.17 Kate sê vir Saul dat sy baie graag 'n ................... in die Bos wil sien.

A. bloubokkie
B. olifant
C. geelhoutboom
D. kalander (1)

**[11]**

**EN**

"Klink vir my na 'n regte bloubokkie-se-gal-storie."

1.18 Kate se pa, MacDonald, sê dat hy die olifanttande kry deur ....

A. olifante te skiet en die tande uit te kap.
B. tande by die skepe te koop.
C. olifante te vang en hulle tande uit te trek.
D. tande by die houtkappers te koop. (1)

1.19 Kate was .................. jaar oud tydens dié ontmoeting.

A. tien
B. veertien
C. nege
D. elf (1)

1.20 Watter aanbod rig MacDonald tot Saul tydens Saul se besoek by die houtwerf? (1)

1.21 Watter betaling sou Saul ontvang as hy daar sou gaan werk? Noem DRIE feite. (3)

1.22 Saul aanvaar MacDonald se aanbod ......................... jaar later.

A. drie
B. twee
C. vier
D. vyf (1)

1.23 Saul aanvaar uiteindelik MacDonald se aanbod, want hy ....

A. is moeg vir die Bos.
B. hou van MacDonald.
C. is deur sy pa weggejaag.
D. loop weg van die huis. (1)
**[8]**

**EN**

"Ek is weg by MacDonald, Pa."
♣ ♣ ♣
"Ek is terug in die Bos."

1.24 Saul is nou terug in die Bos, want hy ....

A. en MacDonald werk saam.
B. was goud uit in die rivier.
C. werk ook vir Barkley.
D. wil saam met sy familie werk. (1)

1.25 Saul het met sy pa kom praat om hom te probeer oortuig dat hy en sy span saam ....

A. in Meulbos moet gaan bly.
B. in George moet gaan bly.
C. moet gaan goud uitwas.
D. in Knysna moet gaan bly. (1)

1.26 Hoe het Joram, sy pa, daarop gereageer? (2)

1.27 Saul het die pan waarmee hy goud uitwas by ....................... gekry.

A. Patterson
B. Crompton
C. Pearston
D. MacDonald (1)

**[5]**

**EN**

> Toe kom Osborne terug. Vroeg in 1885, en Peter Crompton kom 'n paar weke later met die nuus by hom aan:
> "Ek kom van die dorp af Saul, die wêreld is aan die brand:
> Osborne het goud gekry."

1.28 In watter deel van die Bos het Osborne rifgoud gekry?

A. Diepwalle
B. Meulbos
C. Gouna
D. Kom-se-bos (1)

1.29 Wie is heel waarskynlik een van die rykste manne as gevolg van die goud wat hy in die strome uitgewas het? (1)

1.30 Wie het hom daaraan herinner dat hy baie geld gemaak het?

A. Alfred Conway
B. Peter Crompton
C. James Stopforth
D. MacDonald (1)

1.31 Saul het in dié tyd dikwels saam met .................... gaan dans.

A. Kate
B. Jane
C. Beth
D. Mary (1)

**[4]**

**EN**

> Toe Jozef opkyk, is al die seer in hom terug. "Jy had altyd 'n ding oor Oupoot. Miskien het ek jou gehaat omdat jy die moed gehad het om die bloubokkie se kop oop te kloof en ek nie."

1.32 Wat is die naam van Jozef se kind wat dood is? (1)

1.33 Saul het die bloubokkie se kop oopgekap, want hy wou sien of ....

A. sy byl skerp genoeg was.
B. die gal in die kop sit.
C. hy 'n groot brein het. (1)
D. alle bokke 'n brein het.

**[2]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING B
### POëSIE

- Beantwoord AL die vrae in AFDELING B.
- Beantwoord elke GEDIG op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 2

### *DIE DANS VAN DIE REëN* – Eugène N. Marais

Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn

O die dans van ons Suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
en haar oge is skaam;
en sy lag saggies.
En van ver af wink sy met die een hand;
haar armbande blink en haar krale skitter;
saggies roep sy.
Sy vertel die winde van die dans
en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.

Die grootwild jaag uit die vlakte,
hulle dam op die bulttop,
wyd rek hulle die neusgate
en hulle sluk die wind;
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.

Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
en hulle kruip nader en sing saggies:
"Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"

En haar krale skud,
en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
sy trap af van die hoogte;
sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons Suster!

**(Uit: *Versamelde gedigte*, Van Schaik)**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

2.1 In die eerste strofe kan donderweer gehoor word. Watter TWEE APARTE WOORDE sal na donderweer verwys in strofe 1? (2)

2.2 Daar is ook sprake van weerlig in die eerste strofe. Haal DRIE APARTE WOORDE aan wat na die weerlig verwys. (3)

2.3 Watter WOORD in strofe 2 dui daarop dat die groot diere **naby** mekaar op die hoogste duin staan? (1)

2.4 Waarom het hulle gebuk? (1)

2.5 Sê of die stelling WAAR / ONWAAR is. Sê hoekom jy so sê.

Die Suster se fyn spore is die eerste druppels reën. (1)

2.6 Wat het die kleinvolk onder die grond gehoor wat vir hulle laat weet het dat die Suster gekom het? (1)

2.7 Hoe het die kleinvolk reageer om te wys dat hulle hulle Suster verwelkom het? (1)

2.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

2.8.1 Toe die reën begin val het, het die son ....

A. verdwyn.
B. baie warm geraak.
C. geblink.
D. ondergegaan. (1)

2.8.2 Sy trap af van die hoogte, beteken die reën het ....

A. ophou val.
B. verbygetrek.
C. begin val.
D. opgehou. (1)

2.8.3 Die vaal karos wat die Suster sprei is die ....

A. wind wat waai.
B. son wat sak.
C. reën wat orals val.
D. hael wat val. (1)

2.9 Wat het van die wind geword? (1)

2.10 In hierdie gedig word die reën as die _______________ gesien. (1)
**[15]**

**EN**

## VRAAG 3

### *BEGRAFNIS VAN 'n OUMA* – Lina Spies

Vandag sal hulle jou weglê in die aarde,
die groen heuwelland van die Noord–Vrystaat,
boervrou met breë, betroubare hande:
die klein swart skaar familie,
die agterkleinkind met sy blom,
die dominee en die gepaste teks.

Ek was jou eerste naamgenoot, jy het my liefgehad,
maar kleinkinders is tydeliker as kinders,
ontgroei hul eie molligheid en oumenshande
wat lateraan deug net vir 'n transistor op die skoot
terwyl die oë straat af speur na die posman
met sy brief van 'n onvervreemde.

Jy kon nog lees, toe het ek ophou skryf,
jou "waarheidstories" was vergeet,
en in my onbetreurde afwesigheid,
geliefde vreemdeling, bêre hulle jou vandag.

Longontsteking het jou agterhaal
voor 'n oop venster,
jy wat die seerkry van die hoes
kleintyd uit my bors kon vryf.

Ek onthou die kalfie voor jou koolstoof
en ruik kamferolie op die winterlug.

**(Uit: Dagreis, Human en Rosseau)**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

3.1 Voltooi:

Hulle sal Ouma 3.1.1 _________ begrawe in die groen heuwelland. Sy het in die 3.1.2 __________ gewoon en was dus 'n 3.1.3 __________. Die spreekster was haar ouma se eerste 3.1.4 ___________ en hulle was baie lief vir mekaar. Sy voel baie sleg, want sy het nie meer aan haar ouma briewe 3.1.5 _________ nie, al kon haar ouma nog lees. Sy onthou ook hoe haar ouma haar 3.1.6 ________ gevryf het toe sy baie gehoes het. (6)

3.2 Noem ALMAL wat die ouma se begrafnis bygewoon het. (3)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

Ouma se oë het altyd straat af gekyk met die hoop om die ............ te sien.

A. naamgenoot
B. posman
C. dominee
D. kleinkind (1)

3.4 Wat wou die ouma van hierdie persoon vir wie sy wag, hê? (1)

3.5 Voltooi: Die ouma se waarheidstories is later deur die kleinkind _________ . (1)

3.6 Waaraan is die ouma dood? (1)

3.7 Pas die woorde uit **KOLOM B** by die woorde in **KOLOM A**.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.7.1 Skaar familie | A. Ouma |
| 3.7.2 Transistor | B. Kamferolie |
| 3.7.3 Voor oop venster gesit | C. Klein en swart |
| 3.7.4 Winterlug | D. Op ouma se skoot |

(4)

3.8 Haal 'n versreël aan wat aandui dat die ouma ook vir diere gesorg het. (1)
**[18]**

**EN**

## VRAAG 4

### *VOëL* – R.K. Belcher

Met gras en waaisand half bedek
lê muf en benerig 'n voël
met stywe bene en wydoop bek.

Die vlerke wat eers hoog en blink
gestyg het in die môreson
lê sonder vere en effens stink.

En waar 'n vloed van sange was
is alles stil, is alles dood
onder die waaisand en die gras.

O moenie dat jou hande beef
want alles wat die dood afsny
moet jy laat leef.

Haal dan jou sakmes uit
en sny 'n hol, wit beentjie uit sy bors
en maak daarmee 'n fluit.

(Uit: *Ver land*)

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

4.1 Waarmee is die voël half bedek? Noem TWEE feite. (2)

4.2 Hoe weet ons dat die voël in die eerste strofe effens gestink het? Haal slegs EEN WOORD aan. (1)

4.3 Gee TWEE feite uit strofe een wat aandui dat die voël dood is. (2)

4.4 Watter woord sê dat die voël baie geluide gemaak het? (1)

4.5 Watter musiekinstrument moet die mens van die wit beentjie maak? (1)
**[7]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING C
### KORTVERHALE: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

- Beantwoord AL die vrae in die AFDELING.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5

***ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK*** **– Abraham H de Vries**

> Daar kon daardie Saterdagmiddag vir Barrydale niks gebeur wat reg is nie. En daar was nie 'n fout in die boek nie, of hulle het hom gemaak. Maar kyk, my dorp het – dit het ek al gesê – nie 'n kat se kans gehad teen hulle nie.

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

5.1 Gee die volgende karakters se swakpunte. Skryf net die ANTWOORDE neer.

5.1.1 Rooikoos
5.1.2 Die verteller (2)

5.2 Voltooi die paragraaf hieronder met die korrekte antwoord. Jy mag 'n antwoord net een keer gebruik. Gee slegs die NOMMER en die ANTWOORD. Kies jou antwoorde uit die volgende lysie woorde.

| Span, ietsie, moed, wedstryd, stowwerigheid, saamgekom, biertjie |
|---|

Nou ja, kyk, voor so 'n 5.2.1 gaan eet die manne mos darem eers 'n 5.2.2 en die wat 5.2.3 het om vir hul 5.2.4 te skree, gaan tel 5.2.5 op of spoel die week se 5.2.6 af met 'n 5.2.7 of twee. (7)

5.3 Watter dag van die week het die twee spanne gespeel? (1)

5.4 Sê of die volgende stelling WAAR / ONWAAR is. Sê hoekom jy so sê.

5.4.1 Rooikoos Willemse se baard het soos die van Moeder Tyd self gehang. (2)

5.5 Wie het ook daardie jaar rugby begin speel? (1)

5.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

Die eindresultaat van hierdie wedstryd was dat ....

A. Barrydale gewen het.
B. die twee spanne gelyk gespeel het.
C. Rooikoos se dorpspan gewen het.
D. WP gewen het. (1)

5.7 Gee die naam van die verteller se dogter. (1)

5.8 Pas die sinsdele in **KOLOM B** by die woorde in **KOLOM A**.
Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.8.1 Die Barrydalers | A. Skoongeskeer |
| 5.8.2 Die wedstryd | B. Oorkant Rooikoos se dorpshotel se kamer |
| 5.8.3 Kantoorhandjies | C. Slaap altyd Sondae bietjie later |
| 5.8.4 Hotelmense | D. Rugby |
| 5.8.5 Jan | E. Die onderwysers |
| 5.8.6 Rooikoos se baard | F. Het vir 'n hotelkamer vir Rooikoos in Barrydale betaal |
| 5.8.7 Stadsaal | G. Skoonmaker in Rooikoos se dorpshotel |

(7)

5.9 Sê of die volgende stelling WAAR / ONWAAR is.

Rooikoos soek na homself. (1)
**[23]**

**EN**

**VRAAG 6**
**MY BROER SE KRAAI – Chris Barnard**

> Los die kraai, het ons almal gesê, maar my broer wou nie luister nie. Hy het geheg geraak aan die kraai. Dit was syne. Hy het elke dag by die hok gesit en met die kraai gepraat.

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

6.1 Lees die stellings deur en gee slegs die NOMMER en die KORREKTE karakter.

6.1.1 <u>Hy</u> het die kraai een oggend in die veld opgetel.

6.1.2 Daardie jong snawel van <u>hom</u> was venynig.

6.1.3 Almal het een en <u>hy</u> weet nie van beter nie.

6.1.4 <u>Hy</u> bedel elke oggend die brood by die kombuisdeur.

6.1.5 <u>Hulle</u> het hom gevra om die kraai te los. (5)

6.2 Noem die TWEE PLEKKE waar die familie gewoonlik op die volgende tye sou sit en oor die kraai praat.

6.2.1 Smiddae (1)

6.2.2 Saans (1)

6.3 Sê of die volgende stelling WAAR / ONWAAR is. Sê hoekom jy so sê.

Die kraai het so ongelukkig in die hok gevoel. (2)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

6.4.1 Later het die familie nie meer hok toe gegaan nie. Dit was ....

A. nie meer mooi om na die kraai te kyk nie.
B. hartseer want die kraai was dood.
C. verskriklik soos die kraai geskree het.
D. onaangenaam. (1)

6.4.2 Die broer het begin stiller raak, en ....

A. niemand het dit besef nie.
B. hy het die papegaai gekry.
C. almal het dit gemerk.
D. hy was gelukkig. (1)

6.4.3 Die broer was vroeër ....

A. baie besig.
B. 'n vrolike vent.
C. baie lui.
D. nie eintlik opgewek nie. (1)

6.5 Waarmee wou die broer die kraai se stukkende plekke smeer? (1)

6.6 Voltooi die stelling. Skryf net die NOMMER en die ANTWOORD neer.

Drie dae daarna op 'n _______________ het die kraai teruggekom. (1)

6.7 DRIE van die antwoorde voltooi die sin KORREK.
Watter antwoord voltooi die sin NIE korrek NIE?
Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

Van daardie Woensdag af het die broer die hok se hek ....

A. nie toegemaak nie.
B. oopgelaat.
C. met ekstra draad en hout toegemaak.
D. oopgelos. (1)

6.8 Op watter tyd sou die kraai

6.8.1 in die hok wees? (1)
6.8.2 in die bos wees? (1)
**[17]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING D

### NOVELLE: *GOOI HOM IN DIE SLOOT* – Roelf van Rensburg

### VRAAG 7

- Beantwoord AL die vrae in hierdie AFDELING.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

7.1 Voltooi die paragraaf deur net die KORREKTE antwoord neer te skryf. Gebruik die woorde wat in die blokkie verskaf is. Gee slegs die NOMMER en die ANTWOORD.

| |
|---|
| dertien verjaardagpresente, veertien, spoeg, Paul Gunter, Daan Claasen, kafee, restaurant, suster, kersgeskenke, vrou, spoeg, toonbank, bedank, wegloop, vloer |

Philip Uys het daardie somer 7.1.1 ____________ jaar oud geword. Dit was skoolvakansie en hy wou werk om geld te verdien vir twee 7.1.2 _______ . Die eienaar, 7.1.3 _________ , het hom aangestel. Hy moes soggens sewe-uur begin werk. Hy moes die voorraad ken, help bestellings aflewer en mense bedien en die 7.1.4 _______ oppas as die eienaar die middag gaan eet. Hy het die dag hard gewerk – hy het selfs vir die eienaar se 7.1.5 ______ se huis gaan skoonmaak. Philip Uys het besluit dat hy wil 7.1.6 _________ en dat hy nie die volgende dag wil terugkom nie. Philip wou sy geld hê, want hy het hard gewerk. Die eienaar het sy geld op die 7.1.7 _______ gegooi en Philip het besluit om eerder op die muntstuk te 7.1.8 _______en dit nie te neem nie. Hy het omgedraai en uitgeloop. **[8]**

**EN**

### CASPER HEFER

7.2 Lees die sinne deur en verbeter die foute in die sin.

7.2.1 Mnr. Lategan het vir Casper betrap met 'n beursie / noot in sy hand. (1)
7.2.2 Mnr. Uys is die onderwyser wat Casper die meeste vertrou. (1)
7.2.3 Casper se vriendin is Madeline Mostert. (1)
7.2.4 Casper se familie is welgesteld. (1)
7.2.5 Casper se pa is 'n bekende dokter. (1)
**[5]**

**EN**

## DAAN CLAASEN

7.3 Voltooi: Daan Claasen is 'n 7.3.1 ___________ en 7.3.2 ___________ van Philip Uys. (2)

7.4 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Daan is 'n onderwyser. (2)

7.5 Watter bevorderingsmoontlikheid bied Daan vir Philip aan? (1)

7.6 Waarheen sal Philip en sy familie dan moet trek? (1)
**[6]**

**EN**

## BRAAM EN CASPER

7.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Gee slegs die NOMMER en die KORREKTE ANTWOORD.

7.7.1 Braam se familie is baie (welgesteld / arm), terwyl Casper se familie (ryk / arm) is. (2)

7.7.2 Braam se pa is 'n bekende (sielkundige / chirurg), en Casper se pa is 'n (smid / masjinis). (2)

7.8 Van watter gewoontes van Braam hou Casper nie? Noem TWEE. (1)
**[5]**

**EN**

## KARAKTERS

7.9 Lees die stelling deur en gee die naam van die KARAKTER wat bespreek word.

7.9.1 **Polisiesersant** (1)
7.9.2 Die **hoof** van Kroondal (1)
7.9.3 Haar lyf is soos 'n telegraafpaal en **haar** gesig soos 'n busongeluk (1)
7.9.4 Die **hoofseun** van Kroondal (1)
7.9.5 **Hy** het die rekord in atletiek gebreek (1)
7.9.6 Madeline Mostert se vriend (1)
7.9.7 **Hulle** was **albei** in 'n ongeluk. 'n Motor het **hulle** raakgery (2)
7.9.8 Philip se **vrou** (1)
7.9.9 Hy het vir Paul Gunther gewerk as jong seun (1)
**[10]**

**EN**

## CASPER HEFER

7.10 Wat het Casper op die vloer sien lê? (1)

7.11 Waarheen wou hy dit wat hy opgetel het, neem? (1)

7.12 Wie het Casper van diefstal beskuldig? (1)

7.13 Is die volgende stellings WAAR / ONWAAR?

7.13.1 Mnr. Lategan verdink Casper van diefstal. (1)
7.13.2 Casper sal eerder met mnr. Uys praat as met mnr. Lategan. (1)
7.13.3 Casper se vriendin glo hy is onskuldig. (1)

**[6]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**